## BOEKBESPEKINGS

A. H. Marais (Red.), *Politieke Briewe 1909-1910. Deel. I.* Pp. 204. Publikasie van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, U.O.V.S. Voorwoord Des. 1971.

Hierdie uitgawe is, volgens die voorwoord, „die eerste deel van 'n reeks dokumentepublikasies wat die geskiedenis sedert 1910 wil belig." Dit bevat in hoofsaak briewe uit die privaat versamelings van J. X. Merriman, M. T. Steyn, A. Fishcer en F. S. Malan en, behalwe briewe van bogenoemde persone, vind ons in die publikasie ook 'n hele aantal van Louis Botha, asook enkele van J. C. Smuts, J. B. M. Hertzog, J. de Villiers en nog enkele ander vooraanstaande politieke figure uit dié tyd. Die briewe gooi interessante lig op daardie onseker tyd tussen die aanname van die Suid-Afrikaanse-wet en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika. Dit gaan eintlik daarom hoe die eerste regering van die Unie gevorm en hoe die eerste kabinet saamgestel moet word; ook hoe 'n sentrale party deur samesmelting van die Afrikanerbond, die Orangia Unie èn Het Volk gevorm kan word met uitsluiting van die progressiewe elemente maar sonder om rassisme te stimuleer.

Die hele problematiek van die situasie kom besonder mooi uit die briewe na vore. En tog kom die leser nie los van die indruk dat die beeld onvolledig is nie. Daar is tog seker nog ander briewe-versamelings waaruit geput kan word. So kan 'n mens jou moeilik voorstel dat persone soos Smuts en Hertzog en waarskynlik ander politici so weinig tot die argument bygedra het as wat uit hierdie enkele briewe van hulle blyk die geval te wees. Maar miskien moet mens dit maar aanvaar as slegs 'n greep uit wat beskikbaar was; en ook so het dit sy waarde. Immers, die historiese gegewe is tog nooit volledig nie.

In sy voorwoord skryf die redakteur: „Omdat die briewe vir hule self spreek, is dit nie nodig geag om van annotasies gebruik te maak nie." Vir die historikus wat bekend is met die tydperk, spreek die briewe miskien wel van self, maar vir die gewone man nie. Daarom vind ek dit jammer dat daar geen toeligting in die vorm van annotasies verstrek word nie. Dit sou die leesbaarheid van die bundel verhoog het. Hier en daar ontstaan vrae waarvan die antwoord nie uit die verband tussen die briewe afgelei kan word nie. In 'n sekere sin het die kort en helder inleiding van die redakteur in die leemte voorsien, maar tog nie heeltemal nie.

Die briewe word gewissel tussen persone wat mekaar goed geken het en wat almal min of meer dieselfde politieke oortuigings daarop nagehou het. Al die briewe gee voor om baie openhartig te wees, maar telkens voel jy dat daar miskien iets verswyg word of anders uitgedruk word as wat dit in werklikheid was. Veral is daar die stryd tussen Botha en Merriman wat slegs enkele kere na bo kom. Opvallend is die gesag en vertroue wat pres. Steyn by een en almal gehad het. So was dit die President se taak om Botha te pols oor die vraag of hy bereid sou wees om onder Merriman in die kabinet te dien. Botha se antwoord was nee. Trouens hy het toe ook alreeds verneem dat Merriman nie bereid sou wees om onder hom te dien nie.

So laat as 12 Mei 1910 skryf J. de Villiers aan pres. Steyn: „Ik denk daer gaan groot moeilijkhede in Kaapstad kom. Botha is getermineerd om uit te staan als Merriman Eerste Minister word. Smuts en Hull sal hom volg." Daar is ook die brief waarin Botha aan Merriman vra om lid van sy kabinet te word en die brief waarin Merriman beleef vir die eer bedank. Teenoor Steyn ontboesem Merriman hom soos volg: „I have no respect for Botha's political knowledge." In 'n ander brief aan Steyn meld hy dat hy indertyd reeds aan J. H. Hofmeyr op 'n vraag geantwoord het dat hy nie bereid was om onder Botha te dien nie

en "I added that there was only one man in S.-Africa whom I would serve under — yourself." Merriman praat ook van verraad van sy kollegas De Villiers Graaff en Sauer. Alles laat mens vermoed dat daar agter die fassade van vriendelike briewe 'n hele drama afgespeel het.

Besonder interessant word die persoonlikhede belig: Merriman, korrek, enigsins uit die hoogte; Smuts kort en saaklik; so ook Hertzog; Steyn, begrypend en vol gemoedelike humor; Botha met die uitdrukkings en die humorsin van 'n tipiese boer. So gee die bundel elkeen weer 'n „nis in die geskiedenis".

Daar word veel van hierdie interessante en netjiese versorgde reeks verwag en daar word die hoop uitgespreek dat die volgende dele nie te lank op hulle sal laat wag nie.

F. J. du T. Spies.

Weller, J.: *Wellington in India,* Longmans, Londen, 1972. Pp. 338. R11.

Die meeste historici is geneig om die vroeë stadia in die loopbaan van die hertog van Wellington af te skeep en die aksent meerendeels op sy aandeel in die Napoleontiese Oorloë te plaas. Veral is dit die geval ten opsigte van Wellington se dienstydperk in Indië, tussen 1797 en 1805, toe hy van sy grootste militêre prestasies behaal het. Wellington het self verklaar dat sy krygstalent ten volle ontluik het tydens die jare in Indië. 'n Mens sou na aanleiding van bogenoemde werk kon byvoeg dat sy diplomatieke vernuf toe ook tot wasdom gekom het.

In hierdie werk trag die outeur dus om van die gapings in Wellington se loopbaan op te vul. Ons lees byvoorbeeld van die veldslag van Assaye wat deur Wellington persoonlik as sy roemrykste oorwinning bestempel is. Ook word sy enigste neerlaag, tydens die Sultanpetah Tope-kwessie, aan die lig gebring.

Dit blyk duidelik uit hierdie werk dat Indië 'n oefenveld vir Wellington se krygstrategie was. Dáár het hy geleer om vinnig en beslis op te tree.

Weller beperk hom egter nie tot Wellington alleen nie. Hy bring die gehele prentjie in perspektief deur Wellington se loopbaan in samehang met dié van sy twee broers te sien. Sy oudste broer, die graaf van Mornington, was goewerneur-generaal van Indië toe Wellington in Indië was terwyl sy jonger broer, Henry, as privaatsekretaris vir die goewerneur-generaal opgetree het. Tesame het die drie broers 'n merkwaardige diensrekord opgestel in Indië. Dit was betekenisvolle jare nie net in die lotgevalle van Indië nie, maar ook in die geskiedenis van die Britse Ryk.

Die skrywer is eintlik in die meganiese ingenieurswese opgelei en het eers later in sy loopbaan 'n belangstelling in die krygsloopbaan van Wellington openbaar. Dit het onder meer gestalte gevind in werke soos *Wellington in the Peninsula* en *Wellington at Waterloo.*

Alhoewel Weller grootliks staat maak op sekondêre bronne, gebruik hy ook belangrike en tot dusver onbekende primêre bronne ten opsigte van die veldslae in Indië. Daarby is die verdienste van die werk dat dit doeltreffend geannoteer en keurig geïllustreer is en toegelig word deur 11 kaarte en drie waardevolle bylae. Weller hanteer sy onderwerp met gesag; hy skryf onderhoudend en vlot en openbaar 'n prysenswaardige objektiwiteit ten opsigte van sy onderwerp vir wie hy kennelik 'n bewondering koester.

A. P. J. van Rensburg.

Pama, C.: *Heraldry of South African Families/Coats of arms, crests, ancestry.* A. A. Balkema, Kaapstad, 1972. Pp. 365.

Toe die eerste familiewapens laat in die 17e eeu hul verskyning in Suid-Afrika gemaak het, het die heraldiek alreeds 'n 500-jarige geskiedenis agter die rug gehad. In die republikeinse Nederland is toe reeds aanvaar dat elke vrye

burger 'n eie familiewapen kon besit. Dit het in skrille kontras gestaan met die destydse toestand in Engeland waar die koning steeds die bron van alle eerbewyse gebly het. Nadat die Kaapkolonie en later ander Suid-Afrikaanse gebiede onder Britste administrasie geplaas is, moes hierdie twee uiteenlopende opvattinge met mekaar versoen word. Talle probleme het daaruit voorgevloei totdat die Heraldiese Vereniging van Suid-Afrika en die Wet op Heraldiek die lug gesuiwer het.

Bogenoemde is maar enkele van die uiters interessante feite wat aan die lig kom in hierdie eerste poging tot die daarstelling van 'n Suid-Afrikaanse wapenboek. Die hoofdis van die boek is 'n beskrywing van meer as 1 100 Suid-Afrikaanse familiewapens. In die meeste gevalle word biografiese besonderhede omtrent die eerste aankomeling, datum van aankoms, afkoms en kinders verstrek. Dit geskied aan die hand van argivale en primêre bronne.

Die boek is gevolglik ook van besondere genealogiese belang. Meer as 1 000 wapens word treffend geïllustreer en daar is ook 'n verskeidenheid plate van ou wapenborde en wapens op silwer, glas en erdewerk.

Om ons heraldiek verstaanbaar voor te stel, bied die outeur allereers 'n historiese inleiding waarby sy uitgebreide en gespesialiseerde heraldiese kennis van groot nut was. Hy toon hoe beide die Nederlandse en Engelse heraldiese tradisie sy besondere bydrae tot die Suid-Afrikaanse heraldiek gemaak het. Vervolgens skets hy die huidige posisie in Suid-Afrika wat die enigste staat in die suidelike halfrond is met 'n amptelike Raad vir Heraldiek en 'n Staatsheraldikus.

Die skrywer behoef geen bekendstelling nie. Hy kan spog met 'n hele reeks publikasies oor die heraldiek, terwyl daar ook etlike gesagdraende historiese werke uit sy pen verskyn het. Hy is verder voorsitter van die Heraldiese Vereniging van Suid-Afrika; redakteur van *Familia,* mondstuk van die Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika, en lid van talle verenigings hier en oorsee.

Soos in al sy ander werke, het dr. Pama hier weer 'n betekenisvolle bydrae gelewer. Dis nie net baanbrekerswerk ten opsigte van ons heraldiese tradisie nie, maar dit bring ook belangrike historiese gegewens na vore in verband met die families wie se wapens in die boek verskyn. Dit uitgewer en die outeur het slegs eer aan hierdie werk wat sekerlik 'n tuiste sal vind in al ons biblioteke en op die boekrak van almal wie se wapens opgeneem is.

A. P. J. van Rensburg.

Gordon, dr. R. E.: *Dear Louisa, History of a Pioneer Family in Natal, 1850-1888;* pp. XII, 280, 32 ill., Kaapstad, A. A. Balkema, 1970. R5.

George en Ellen McLeod het in 1850 uit Engeland na Natal geëmigreer. As gevolg van 'n skipbreuk aan die Natalse kus het hulle al hul besittings verloor. Sonder aardse goedere en sonder enige kennis van die land wat nou hul tuiste sou word, moes hulle probeer om 'n nuwe begin te maak. Hulle het in Byrne-vallei gaan woon, waar hulle geleer het om by die klimaat aan te pas, hoe om met osse te werk, watter gewas die beste groei en watter beeste hier aard. Teenspoed het nie uitgebly nie: oorstromings, runderpes, hael en ten slotte 'n veldbrand wat hul eerste woonplek vernietig. In die begin is hulle brandarm en 'n kis met klere uit Engeland bring groot uitkoms. Al wat hulle kon terugstuur, was 'n potjie tuisgemaakte konfyt.

Die briewe is geskryf deur Ellen aan haar suster in Engeland, en dek die tydperk vanaf hul aankoms in Natal tot haar dood in 1888. In Engeland het die briewe onder familie gesirkuleer met die gevolg dat 'n aantal ontbreek. Die grootste deel het egter bewaar gebly en dit weerspieël die pionierslewe in Natal.

Veral aan die begin bestryk dit 'n baie beperkte veld: Byrne-vallei, met Pietermaritzburg en Durban op die agtergrond. 'n Besoek van Shepstone in 1852

is 'n groot gebeurtenis. Die kinders is naderhand baie rusteloser as die ouers en hulle trek rond. Tog is dit opvallend hoe die familie aan mekaar vasklou en mekaar altyd help as dit nodig is. Na die ontdekking van diamante en goud in die binneland kry die jonger geslag geleentheid om as transportryers die inkomste te verhoog. Die samelewing groei. Die gesin is diep godsdienstig en kerks en herhaaldelik word verwys na die kerklike moeilikhede wat as gevolg van biskop Colenso se optrede ontstaan het.

Ellen self bly hoofsaaklik in die Byrne-vallei. Veel van haar lewensvreugde vind sy in haar blomtuin en ons word gereeld op hoogte gehou van die sukses of mislukkings met nuwe gewasse. Van nature is Ellen 'n baie goeie verteller. Die feit dat nog soveel van haar briewe ná 38 jaar bewaar gebly het, bewys die waarde wat die familie in Engeland daaraan geheg het. Sy het 'n aangename karakter en 'n blymoedige lewensuitkyk, wat in die briewe weerklank vind en wat hulle besonder leesbaar maak.

Dr. Gordon het die briewe uitstekend geredigeer. Dis Ellen wat aan die woord bly; slegs as dit noodsaaklik is word iets teen 'n wyer agtergrond verduidelik. Veel aandag word van die leser gevra vir die manier waarop gebeurtenisse in Natal in die Byrne-vallei neerslag vind en watter kommentaar Ellen daarop lewer.

Die 32 foto's van die omgewing van Byrne-vallei en die familieportrette is voldoende om die moderne leser geleentheid te gee om hom te oriënteer. Dit was gelukkig dat foto's van sowel George, Ellen en suster Louisa uit 1874, dieselfde jaar, verkry kon word. Hierdie „foto-gelykenisse", soos hulle destyds genoem is, bring die karakters baie nader aan die leser.

Laat ons vertrou dat daar in Europa nog meer van hierdie familiebriewe opgespoor kan word. 'n Boek soos hierdie bied die agtergrond tot die geskiedkundige feite wat meer algemeen bekend is.

F. G. E. Nilant

Griffiths, R.: *First City, a Saga of Service*, pp. XVI, 292, ill. Kaapstad, Howard Timmins, 1970, R8,50.

Die geskiedenis van hierdie vrywilligerskorps vind sy oorsprong in die jare tussen 1822 en 1836, toe die Britse Setlaars in toenemende mate die Boere begin help het teen die Bantoe-aanvalle aan die oostelike grens. Die beste taktiek om die koloniste te beskerm was om tydig aan te val en nie om tot die laaste oomblik 'n aanval af te wag nie. Die Britse regering het egter 'n buigsame en dikwels oneffektiewe naturellebeleid gevolg en vir die koloniste het dit 'n periode van rustelose ontvredenheid geword. Bowendien was daar wrywing tussen die professionele troepe en die vrywilligers.

In sy huidige vorm het die korps ontstaan in Oktober 1871, uit 'n saamsmelting van die groepe uit Grahamstad en Queenstown. Die nuwe regiment het vervolgens 'n rol gespeel in die 9de Grensoorlog, die Basoetoe-oorlog, en in Suidelike Transvaal tydens die Tweede Vryheidsoorlog. Mettertyd word dit in oorlogstyd telkens ingeskakel by die groter militêre beplanning van die hele land.

In vredestyd was dit dikwels moeilik om die regiment bymekaar en op behoorlike peil te hou. Die ekonomiese depressie in die dertiger jare van hierdie eeu het ewemin baie gunstig gewerk. Eers in 1935 kom daar weer bietjie oplewing. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die regiment 'n betekenisvolle rol vervul: eers in Madagaskar, later in Egipte en Italië, waar dit by die Sesde Divisie ingedeel was.

Die skrywer skets die groei en organisasie, die doelstelling en ideale van hierdie vrywilligerskorps. Hy benadruk die belangrike rol wat 'n burgermag in die verlede ook in vredestyd gespeel het. Ook in die moderne tyd dra dit baie by om

'n gemeenskap wakker en aktief te hou, om toegespits te bly op die handhawing van wet ten orde, waarby elkeen 'n gevoel het van self saam te help vir eie veiligheid.

Vir die militêre geskiedenis van Suid-Afrika is dit 'n baie belangrike bydrae. Daar is 'n uitvoerige oorsig van die dekorasies wat aan lede van die regiment toegeken is, die aanvoerders deur die jare, die gesneuweldes, ens. Ons vind hier bowendien interessante gegewens in verband met die geskiedenis van die Oostelike Provinsie. Die boek is baie netjies versorg en bevat 'n groot aantal uitstekende afbeeldings.

F. G. E. Nilant

Tabler, E. C. (ed): *W. Cornwallis Harris: Portraits of Game and Wild Animals of Southern Africa:* pp. 218, 30 vouplate (20 in kleur), kaart, 71 litogr. ill. Kaapstad, A. A. Balkema, 1970. R15.

Cornwallis Harris het as jong offisier na Indië gegaan. Hy was versot op die jag en blykbaar het hy jare lank gedroom om Afrika te kon besoek. In 1836 het hy sy kans gekry toe hy weens gesondheidsredes vir twee jaar na die Kaap gestuur is. Die geluksgodin was hom goedgesind. Aan boord ontmoet hy W. Richardson wat dieselfde belangstelling as Harris gehad het en hulle besluit om saam die binneland van Afrika in te trek. In die Kaap ontmoet Harris dr. Andrew Smith, wat 'n jaar tevore van sy beroemde ekspedisie teruggekeer het en wat waardevolle inligting kon verstrek.

In September het Harris vertrek. Hy het die gebruiklike roete gevolg oor Kuruman, waar hy Moffat ontmoet het, terwyl hy in Oktober by Silkaats aangeland het wat toe ten noorde van Mosega was. Daarna trek hy na die Magaliesberge waar hy vir die eerste keer 'n swartwitpens aantref. Hy bereik die keerkring en in Desember was hy op die terugpad. Die Boesmans het sy osse gesteel, maar gelukkig het hy die Voortrekkers raakgeloop van wie hy osse kon koop. Oor Colesberg het hy hom na Graaff-Reinet begewe, waar hy in Januarie 1837 aangekom het. Die res van die jaar 1837 het hy in Kaapstad vertoef; begin 1838 was hy op pad terug na Indië.

Harris het ewemin as dr. Smith daarin geslaag om die Ngamimeer te bereik. Sy prestasies moet egter nie onderskat word nie. In 'n tyd toe die verslag van dr. Smith se ekspedisie nog nie gepubliseer was nie, was hy die eerste wat die diere natuurgetrou geteken het. Moontlik het hy homself eerder as ontdekker dan as jagter beskou. Hy was 'n belangrike ondersteuner van die Royal Geographical Society. Nogtans het dit nie by hom opgekom om sy werk as wetenskaplik te beskou nie. Tog is dit die geval. Vir sy tekeninge het hy die dooie diere noukeurig nagemeet om die juiste verhoudings te verkry. Gevolglik was die afbeeldings van die diere, wat hy bowendien in hul eie omgewing uitgebeeld het, beter as enigiets wat voor die tyd op hierdie gebied gemaak is.

Dit het ook nie net by tekeninge gebly nie. Harris het 'n oorsig van die wild in Suidelike Afrika verskaf: die hoeveelheid en die omvang van die troppe. Hy vertel ook heelwat oor die diere se gewoontes, ook ten opsigte van mekaar. Uit die teks blyk duidelik met hoeveel belangstelling, maar ook met hoeveel eerbied hy die wild in Suid-Afrika bekyk het.

Harris se boek het in 1840 en 1841 die lig gesien. Hierdie herdruk het 'n besonder waardevolle bibliografiese inleiding deur Edw. C. Tabler, die Amerikaanse kennis van die ontdekkingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse binneland. Daar is natuurhistoriese aantekeninge deur R. Liversidge. Met hierdie herdruk is 'n boek weer binne die bereik van die publiek gestel wat vir jare net as baie kosbare en duur Africana bekend was. Aan die 30 oorspronklike illustrasie is nog 29

toegevoeg wat aanvanklik in Harris se bekende boek *The Wild Sports of Southern Africa* verskyn het. Ons beskik hiermee oor 'n beeld van die binneland van Suid-Afrika soos dit 150 jaar gelede daar uitgesien het. Dit is die agtergrond waarteen soveel van die belangrikste gebeurtenisse van ons geskiedenis hul afgespeel het.

F. G. E. Nilant.

Ryan, R.: *Beautiful Homesteads of the Western Cape*, pp. 132, 60 foto's. Kaapstad, Purnell, 1972. R12,50.

Dr. A. E. Rupert merk in die voorwoord van hierdie boek op dat die Kaaps-Hollandse boustyl, met sy eenheid in afmeting en verhouding, 'n blywende bron van inspirasie is. Tereg hoop hy dat ook hierdie boek weer 'n aanmoediging sal wees tot die besef dat die ou Kaapse huise, wat nou nog oorgebly het, beskerm behoort te word. Sowel die regering, die plaaslike bestuur as die publiek moet hiermee besiel word. Die peil van beskawing van 'n volk word gemeet aan die bereidwilligheid wat aan die dag gelê word om kultuurerfenis te bewaar.

In die inleiding wys Eric Vertue, self 'n vooraanstaande fotograaf, op die moeilikhede om 'n Kaapse woonhuis werklik goed te fotografeer. Van 'n goeie foto kom belangstelling egter spoedig tot die geskiedenis van so 'n gebou, die lotgevalle van die mense wat daar gewoon het, ens. Die huise is gebou met plaaslike materiaal, maar slegs ryk mense kon 'n gewelhuis bekostig, terwyl selfs in hulle geval telkens by so 'n huis aangebou is. Mooi omlynings en goeie werkkragte het baie bygedra tot die skoonheid van hierdie argitektuur.

Die boek bevat sestig foto's van Ryan, waarvan agtien in kleur. Hy het hom nie tot net die gebou beperk nie, maar het juis baie aandag gegee aan die onmiddellike omgewing van so 'n huis: blomperke, bome, berge. Met sulke materiaal sou mens 'n neiging tot die romantiese verwag. Deurdat Ryan egter die gewels, mure en hoeke van die gebou, hoe klein ook in verhouding met die omgewing, altyd die oorhand laat behou het, is enige sweem na sentimentaliteit uitgeskakel. Slegs 'n eersterangse fotograaf sal daarin slaag om presies so 'n verhouding tussen die gebou en sy omgewing te verkry, waarby die hoek van die huis wat hom die beste daartoe leen, benadruk word. Dis hierdie onfeilbare fotografiese benadering van 'n alreeds erkende moeilike onderwerp, wat hierdie boek so waardevol maak. Dis nie sommer nog 'n boek met afbeeldings van die Kaapse boustyl nie. Dit is sestig foto's waarvan elkeen 'n kunswerk op homself is en aan sy onderwerp die mees moontlike eer doen. Dit is 'n pragtige en welkome boek.

F. G. E. Nilant.

Cooper, Brig. F. W. *The Police Brigade, 6 S.A. Infantry Brigade 1939-45.* Constantia Publishers, Kaapstad 1972, R3,00.

In die bestek van 142 bladsye word op heel onderhoudende wyse die rol van die Suid-Afrikaanse Polisiebrigade gedurende die Tweede Wêreldoorlog beskryf.

Die verhaal begin by die geskiedenis van die militêre magte wat na die Anglo-Boereoorlog met Polisiediens in die vier Britse Kolonies belas was. Vir die belangstellende verskaf hierdie enigsins breë aanloop 'n gawe beeld van hoe die Unie-Verdedigingsmag en die Suid-Afrikaanse Polisie hul beslag gekry het. Omdat die skrywer die ontwikkelingslyn deurtrek na die skraal jare tussen die twee wêreldoorloë, word die eerste paar hoofstukke 'n waardevolle verslag van ons gewapende magte se vroeë geskiedenis.

Met die uitbreek van die oorlog in September 1939, word aan die skrywer, (toe kwartiermeester van die Suid Afrikaanse Polisie) die taak opgedra om 'n

Polisiebrigade, bestaande uit drie voetvolkbataljonne te organiseer. Met groot toewyding voer hy hierdie opdrag uit. Sy beskrywing wek groot verwagtinge by die leser. Soos begryplik, word die grootste gedeelte van die verdere werk gewy aan die vorming, opleiding en oorlogsoptrede van die Polisie te velde. Hoewel die relaas vlot lees en boei, lewer dit min dramatiese wendinge, of hoogtepunte op.

Die geskiedenis, nadat die Brigade die landsgrense verlaat het om diens in die Mide-Ooste en Noord-Afrika te gaan verrig, gaan mank aan diepte. Dit word 'n feitelike relaas, deurspek met klein insidentjies en persoonlike ervaringe. Oor die operasionele aspekte van die Brigade se krygsbedrywighede word relatief min gesê en die skrywer verval in 'n stuk sosiaal-militêre geskiedskrywing wat die soldatelewe buite die gevegsfront in die Woestyn raak weergee. Agtereenvolgende besoeke van hoogwaardigheidsbekleërs, opgevolg deur gesellighede, partytjies, parades, die bou van stellings, ontspanning, dinees, sport en besoeke aan militêre inrigtings en ontspanningsoorde agter die front, vul die bladsye.

Wat die klimaks van die werk moes wees, nl. die slag van Tobruk waartydens die Brigade gevange geneem is, word uiters teleurstellend behandel en niks wat werklik nuut is, word tot die bestaande kennis toegevoeg nie.

Na die militêre uitskakeling van die Brigade, word die relaas die persoonlike ervarings van die skrywer in krygsgevangeneskap en haas die verhaal hom tot 'n oppervlakkige einde.

Die skrywer is egter duidelik 'n persoon van integriteit, vry van hinderlike vooroordeel. Die waarheidsliefde waarmee hy sy feite aanbied, boesem deurgaans vertroue by die leser in.

Die werk bied goeie afleiding en lewer tegelyk 'n bydrae tot ons Suid-Afrikaanse militêre literatuur oor die Tweede Wêreldoorlog, waaroor daar van Suid-Afrikaanse kant nog maar min geskryf is.

C. M. Bakkes.

R. M. de Villiers (ed.), *Better than they knew*. R4,50, pp. XVI, 239. Purnell, Cape Town, Johannesburg, London, 1972.

In 'n sekere sin kan hierdie boek beskou word as 'n vervolg op John Bond se *They were South Africans*, na welke boek die uitgewer-redakteur in sy inleiding ook verwys. Dit bevat kort biografieë oor 'n aantal persone, almal Engelssprekendes, wat elk op sy gebied 'n besondere bydrae tot die Suid-Afrikaanse samelewing gelewer het. Soos in die voorwoord aangedui, het die boek voortgekom uit die *Festival of English (1970)*, "jointly sponsored by The South African Council for English Education and The English Academy of Southern Africa." Dit is 'n boek met 'n strekking en verkondig die strewe van bogenoemde liggame.

Die aantal biografieë — dit gaan oor Patrick Duncan (Government), Robert Broom en Raymond Dart (Science), Ralph Kilpin (Parliament), J. Stevenson-Hamilton (Wild Life), P. M. Anderson (Mining), Leonard Rayne (Theatre), J. D. en Edith Rheinalt Jones (Human Relations), John Adams (Education), J. W. Jagger (Commerce), Pauline Smith (Literature) en dan nog 'n bydrae uit die terrein van sport, *The Old and the New* — is allesins lesenswaardig, elkeen deur 'n skrywer wat op die besondere gebied tuis is. Ek kan my voorstel dat daar kritiek sal wees op die keuse van die figure, maar elke keuse is nou eenmaal subjektief. Waar John Bond sy figure uit die pioniersverlede gekies het, is hierdie groep almal mense wat in die twintigste eeu hulle rol gespeel het.

Die inleiding van R. M. de Villiers vind ek egter minder gelukkig. Hoewel hy dit stel dat sy aanprysing van die rol van die Engelssprekendes niks afdoen van die bydrae van die ander groepe nie, beklemtoon hy sy standpunt 'n bietjie te veel. Waar hy Woods se bewering dat die 1820-setlaars "the habits of free men"

na Suid-Afrika gebring het, met instemming aanhaal, daar impliseer by tog dat die Afrikaners op daardie tydstip nie daardie tradisie van vryheid gehad het nie. Ook skryf hy, weer met instemming: „Bond pointed out that when the British landed in 1795, most of the Western Cape was inured to a high degree of autocracy and the rest of White South Africa to a high degree of chaos. It fell to English-speaking pioneers, bred in the central tradition of Western liberty, to establish unfamiliar freedoms in the West and do much in the chaotic interior to turn anarchy into order." Dit is byna asof mens die geskrifte van E. B. Watermeyer en John Noble en ander tydgebonde skrywers uit die negentiende eeu weer onder oë kry. Sou Theal en Cory en Walker (om maar net enkele Engelse historici te noem) dan tevergeefs geskiedenis geskryf het, as dit tans nog die opvatting is?

Hoewel mnr. De Villiers nie 'n historikus is nie, verwag 'n mens tog dat hy seker maak van sy feite as hy oor die verlede skryf. So is sy verwysing na J. M. Orpen, allesins 'n merkwaardige figuur, ook nie heeltemal juis nie. Dit is nl. lankal deur historici vasgestel dat sy bydrae tot die grondwet van die Oranje-Vrystaat lank nie groot was as wat hy dit op sy oudag herinner het nie. Dit was in werklikheid gering. Ook was hy nie in 1853 'n Volksraadslid nie — die Republiek het toe nog nie bestaan nie — maar in 1854. Miskien is dit egter slegs 'n drukfout.

Oor die algemeen vra ek myself af of dit wel nodig was om die bydrae van die Engelssprekendes op so 'n wyse aan te prys soos mnr. De Viliers dit doen; dit doen byna apologeties aan. Die reeks biografieë in die boek spreek tog ruimskoots vir hulle self en bring die boodskap van die boek baie beter tuis as die inleiding.

F. J. du T. Spies.